

#22

# Sy ereplek werd

Dié ou laaikas het nou soveel karakter dat hy in enige geselskap welkom is.

*Deur* **Hanlie Bonafede**
*Foto's* **Ed O'Riley**
*Produksie* **Marian van Wyk**

**MAKLIK**

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 2/10
**Vaardigheidsvlak** 2/10
**Tyd nodig** 3 uur


## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**
- lakverdunner
- 175 ml Tjhoko Paint in die kleur Gracious
- 25 ml Tjhoko Paint in die kleur Comfort Blue
- Tjhoko Paint Clear Glaze

**GEREEDSKAP**
- ou lap
- 5 cm-Hamilton's-kwas
- Dala-rondepuntkwassie vir die detail

Mat van Hertex Haus

## Só maak jy …










**1** Vee die hout goed skoon met 'n lap wat in lakverdunner gedoop is en verwyder die handvatsels. Laat staan vir 40 minute sodat die hout kan droog word.

**2** Verf 2 tot 3 lae krytverf in die basiskleur (ons het Gracious gebruik). Laat elke laag goed droog word (sowat 30 minute) voor jy die volgende laag aanwend.

**3** Verf nou 'n donkerder kleur (Comfort Blue) in die groewe. Werk met net 'n klein stukkie op 'n slag.









**4** Gebruik 'n nat lap en vee ligweg oor die groewe om van oortollige verf ontslae te raak.

**5** Verdun die glasuur met een derde water en vryf dit met 'n klam lappie oor die geverfde oppervlakke. Laat dit goed droog word en wend 'n tweede laag aan voordat jy die handvatsels terugsit.

### [MEUBELS VERF 101]



**Hanlie Bonafede is 'n graad R-onderwysers van Brackenfell in Kaapstad. Sy het 'n passie vir mooimaak en doen verfprojekte op bestelling. Sy gee die volgende raad vir beginners:**

- Maak seker jou oppervlak is skoon en sonder vetkolle en ander vuil merke. Was olierige meubels met lakverdunner (dra handskoene) en laat dit goed droog word – minstens 40 minute.
- Indien die oppervlak steeds olierig voel ná die lakverdunner, seël die hout met 'n wit onderlaag met 'n oliebasis, soos Excelsior Wood Primer. Laat dit goed droog word en verf dan bo-oor.
- Skuur baie gladde of blink oppervlakke liggies met fyn skuurpapier, dan klou die verf beter – dit geld ook vir teëls.
- Wanneer merkies of gaatjies met houtvuller reggemaak word, maak seker dis goed droog voor jy begin verf.
- Gebruik altyd 'n goeie kwas, byvoorbeeld Hamilton's, wat nie maklik hare verloor nie. Verwyder los hare wat in die verf vassit onmiddellik voor dit droog word.
- Werk altyd in die skaduwee.
- Nie alle krytverf is ewe dik nie. Gooi 'n bietjie uit en meng 'n bietjie water daarby vir 'n gladder afwerking. Moenie water direk in die verfpot/-blik gooi nie – dit besoedel die verf en laat dit sleg ruik.
- Vir 'n gladde afwerking, verf eerder drie tot vier dun lae as een dik laag. As jy verf te dik aanwend, is die verfhale baie prominent.
- Dit neem krytverf 'n paar dae om heeltemal te verhard ("cure"). Wees dus veral aan die begin versigtig dat dit nie krap of stamp nie.
- Verf die onder- en buitekante wanneer jy laaie verf, want dit kan die laaie laat vassteek.
- Vee jou verfpotte se rande af voor jy dit seël, anders sukkel jy om dit volgende keer oop te kry.
- Moenie onverseëlde items oornag buite of onder 'n oop afdak laat staan nie. Die vogtigheid wat daarop versamel, laat lelike watermerke.

**KONTAK** 083 234 2058, Facebook.com/urbanchalkCT/

**VERSKAFFER Hertex Haus** 021 914 3390, hertexhaus.co.za